NOTULE.

U.K. VERGADERING GEHOU OP 22 OKTOBER 1959 IN DIE SENDINGKANTOOR.

TEENWOORDIG:

Di. P.S.Z. Coetzee (Voors); J.J. Fourie en die wnde. Sendingsekretaris, Ds. W.R. de Kock.

B U I T E L A N D.

A. ALGEMENE RAADSKOMMISSIE NOTULE VIR O.R.K. (11 Sept.):

1. TREKKERS KATETE (1): Vir kennisgewing aanvaar.

2. KONTROLERING AANKOPE DEUR STASIEHOOFDE EN HOOFDE VAN DEPARTEMENTE (2): Met dank kennis geneem van hierdie reëling.

3. BANKREKENING OPVOED. DEPT. (3): Kennisgewing.

4. AANSOEK LENING MNR. P. MULLER (4): Die aansoek word by die Saakgelastigde kantoor aanbeveel. (Bylae A.)

5. VERSEKERING GROTER STASIEGEBOUE TEEN BRANDSKADE (12): Die Saakgelastigde deel mee dat hierdie saak alreeds sy aandag geniet.

6. WERKSWINKEL, KATETE. (18): Die Sendingsekretaris deel mee dat die moontlikheid bestaan dat Mnr. v.d. Merwe met kennis van houtwerk a.s. jaar sal uitgaan na die Veld.

7. STUK GROND AAN BESPROEIINGSKANAAL TE NYANJE (20): Die U.K. neem kennis van die toestand en dra dit op aan die Raad om na die beste van sy vermoë te handel.

8. REISKOSTE MEJ. E. BOTES, BYWONING KONFERENSIE (26): Goedgekeur.

9. MNR. J.M. BADENHORST. (27): Kennisgewing. (Bylae B.)

10. BIERBROUERY TE WITKOP. (29): Die U.K. neem kennis van hierdie toestand en van die moeilikhede i.v.m. hierdie aangeleëntheid, maar bly by sy vorige besluit om die plaas te behou.

11. REISKOSTE i/s RAADPLEGING SPESIALISTE. (30): Goedgekeur (Bylae C.)

12. GESAMENTLIKE DRUKPERS EN BOEKWINKEL (34-37): Kennis word geneem dat in verband hiermee onderhandelings nog aan die gang is. Aan die wenk i.v.m. uittrede sal aandag deur die Saakgelastigde geskenk word.

13. WATERVOORSIENING, MADZIMOYO (39 e(ii): Kennisgewing.

14. VERSOEK FORT JAMESON KERKRAAD i.v.m. HEROPENING VAN SKOOL (49): Kennisgewing.

15. WAARBORG POLIS (62): Toestemming word verleen om 'n Waarborg Polis uit te neem (Bylae D) indien dit verkry kan word, maar dat die tjeks, soos in die Moederkerk, ook deur 'n twede persoon, nl. die Stasiehoof (of sy plaasvervanger) geteken sal word.

16. STOWE ONDERWYSERSHUISE (63): In verband hiermee moet die Sekretaris meer informasie inwin.

2/ .....

17. NUWE SEKONDÊRE SKOOL, KATETE (73): Meer informasie moet ingewin word.

18. WIND- EN BRANDSKADES (74): I.v.m. hierdie saak moet daar in 1960 se begroting hiervoor begroot word, aangesien die nodige fondse nie tot ons beskikking is nie.

19. MEV. D. KRIEL, UITDIENSTREDING: Van hierdie saak word met leedwese kennis geneem en besluit (Bylae E.)

20. MEJ. F. VAN NIEKERK, AANSOEK: Goedgekeur. (Bylae F.)

21. DR. J.M. CRONJE, ONGESTELDHEID: Goedgekeur. (Bylae G.)

22. LOSIESTOELAE VOORTREKKER-GEDENKSKOOL: Word opgedra aan die Saakgelastigde-kantoor om met volgende vergadering verslag te doen.